

# Water

## *Water is skaars, en kosbaar*

Sowat 97% van die aarde se water is brak, waarvan die meeste in die oseane gevind word. Van die minder as 3% vars water wat oorbly, is 2% vasgevang in sneeu en ys; dit beteken minder as 1% van die aarde se water is as vars water beskikbaar vir menslike gebruik, vir landbou, die afkoeling van kragentrales en ander gebruike.



Die hoeveelheid beskikbare vars water op aarde bly konstant, en dit is beskikbaar in die vorm van reën, riviere, moerasse, mere, mensgemaakte damme en grondwater. Vars water word oor en oor beskikbaar gestel deur die watersiklus, maar die hoeveelheid wat beskikbaar is, word nie meer of minder nie: die water wat ons vandag drink, is dieselfde water wat die dinosourusse miljoene jare gelede gedrink het. Dit is teoreties moontlik dat ons vars water vinniger kan gebruik, wat dit weer deur die natuur vir ons beskikbaar gestel word. Dié moontlikheid word in ons tyd 'n werklikheid weens bevolkingsgroei, die volhoubare onttrekking van grondwater en die droogpomp van riviere. Dis immers nie net mense wat water vir hul huishoudings gebruik nie; nywerhede, landbou en die natuur is ook aangewese op water. Sowat 70% van beskikbare vars water word deur landbou

gebruik, en namate die wateraanvraag vir landboudoeleindes toeneem, is daar minder vars water beskikbaar vir huishoudelike gebruik en die natuur se ekologiese funksies. Namate die wêreldbevolking groei, raak die beskikbare water vir huishoudelike gebruik óók al hoe minder. Die Verenigde Nasies se *World Water Development Report* van 2003 voorspel daar sal teen 2025 sowat 23% minder water per persoon beskikbaar wees as wat in 2003 beskikbaar was.

### ‘n Paar statistieke

1. Een duisend miljoen mense wêreldwyd het nie toegang tot skoon water nie.
2. Twee miljoen kinders sterf elke jaar as gevolg van besoedelde water – een elke tien sekondes.
3. Vyf duisend miljoen mense, twee derdes van die wêreld se bevolking, sal ’n teen 2050.watertekort hê
4. Die gemiddelde Amerikaanse familie gebruik 293 gallon water per dag; die gemiddelde familie in Afrika 5 gallon.

### Vier riglyne oor water

In 1999, het die Dublin *Conference on Water and the Environment* vier riglyne daargestel wat die beleid oor water internasionaal gerig het:

1. Daar is niks vanselfsprekend aan voldoende, veilige en bekostigbare vars water nie.
2. Die benutting en bestuur van waterbronne moet deelnemend wees; gebruikers en beleidmakers moet op alle vlakke betrokke wees.
3. Vroue speel ’n belangrike rol in die voorsiening, bestuur en bewaring van waterbronne.
4. Water het ekonomiese waarde in die verskillende gebruike daarvan en moet as ’n voorwaarde vir enige ekonomiese vooruitgang gesien word.

***In 1996 het die VN se “International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights” die toegang tot water as ’n basiese reg verklaar.***

### Water behoort aan ons almal, gesamentlik

In 2001, het 800 afgevaardigdes van 35 lande die *Water for Peace and Nature Summit* in Vancouver bygewoon. Hulle onderteken ’n ooreenkoms getiteld *Treaty Initiative to Share and Protect the Global Water Commons*, wat dit sterk sal stel dat water aan almal op aarde behoort, en kan daarom nie as ’n private kommoditeit beskou word wat vir wins verhandel word nie. Die onderliggende normatiewe argument is dat water ten diepste nie ’n verhandelbare kommoditeit is nie, maar eerder ’n gemeenskaplike hulpbron wat ons nie mag privatiseer en met ’n prys in die mark plaas nie.

Daar is waarskynlik genoeg vars water op aarde om aan al die behoeftes van mense en die natuur te voorsien.

Ons het egter nog nie uitgewerk hoe om te verseker dat dié bron op 'n regverdige en volhoubare manier tussen alle verbruikers verdeel moet word nie. Ons sal versigtiger met die water moet omgaan en elke druppel optimaal moet benut. Dit sou sinvol wees om te dink aan ons water-voetspoor: die hoeveelheid liters water wat ons gebruik om byvoorbeeld 'n tamatie, piesang, katoen T-hemp of motor te vervaardig. Ons sal meer globaal en geïntegreerd moet dink oor hoe ons vars water bestuur en hoe ons besluite neem oor watervoorsiening.

## **Hidrobreking**

'n Tegniek bekend as hidrobreking word gebruik vir die ekonomiese ontginning van skaliegas.

Hidrobreking is nie, soos die bemarkingdokumente verkondig, 'n "beproefde proses wat oor 60 jaar in duisend gate getoets is" nie. Dit is nuwe, ongetoetsde tegnologie, en in plekke waar dit reeds geïmplementeer is, het dit tot groot omgewingskade, veral waterbesoedeling, gelei. Die Oscar-benoemde dokumentêre flied *Gasland* lewer ontstellende getuienis van hoe vinnig en wydsverspreid die skade kan wees. As gevolg van die groot risiko verbonde aan hidrobreking, is 'n verbod op die praktyk geplaas in verskeie lande soos Kanada en Frankryk, asook deur 'n toenemende aantal Amerikaanse deelstate, insluitend New York, Pennsilvanië, New Jersey, Arkansas en ander.

## ***Wat kan die kerk doen?***

- Kerkleiers moet die profetiese stem van die kerk in die bewaring en versekering van vars water vir almal laat hoor.
- Gebruik die liturgie, prediking, en die water in die doopvont om lidmate bewus te maak van die belangrikheid van water.
- Nooi vroue om te vertel oor die noodsaaklikheid van water in alledaagse gebruik.
- Verseker dat die gemeente besparingstrategieë het met betrekking tot die kerkgeboue en terrein.
- Besoek saam met jongmense 'n waterstroom of ander natuurlike bronne en dank God vir water.
- Projekte oor waterbesoedeling, opruiming van rommel naby water kan onderneem word.

## ***Bybelstudie Genesis 21:14–19***

### ***God voorsien water om lewe te red***

Op talle plekke in die Bybel word daar oor water gepraat. Heel aan die begin lees ons die Gees het oor die water gesweef. Water is oral 'n tema in verhale waar dit gaan oor lewe. Daar

is baie vertellings oor vroue wat water gaan haal soos die Samaritaanse vrou wat Jesus by die put ontmoet. In die Nuwe Testament word water die simbool vir nuwe lewe in Christus.

In die verhaal van Genesis 21, word die lewe van Hagar en haar seun Ismael gespaar deur God wat water voorsien.

### **Teks: Genesis 21: 14–19**

*Vroeg die volgende môre het Abraham kos gevat en 'n velsak water en dit vir Hagar gegee. Hy het dit saam met die kind op haar rug gesit en haar weggestuur. Sy is toe weg en in die Bersebawoestyn rondgeswerf. Toe die water in die velsak opraak, het sy die kind onder 'n doringbos neergesit en 'n entjie daarvandaan gaan sit, omtrent so ver as 'n mens met 'n pyl en boog kan skiet, want sy het gedink: ek wil nie sien as die kind doodgaan nie. Terwyl sy so daar sit, het sy begin huil. God het die kind hoor huil, en die Engel van God het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê: “Wat is dit Hagar? Moenie bang wees nie, want God het die kind daar waar hy lê, gehoor. Staan op, tel die kind op en troos hom, want Ek sal hom 'n groot nasie laat word” Toe het God haar oë oopgemaak en sy het 'n put met water gesien. Sy het die velsak vol water gaan maak en vir die kind water gegee.*

- Waaroor gaan hierdie gedeelte?
- Watter faktore het die situasie vir Hagar hopeloos gemaak?
- Wat het Hagar ervaar toe haar seun besig was om van dors dood te gaan?
- Hoe reageer God?
- Wat leer ons van hierdie verhaal oor God se omgee vir diegene wat kwesbaar is?
- Watter raakvlakke het hierdie verhaal met ons eie konteks vandag?
- Wie is die kwesbare mense in ons wêreld en hoe moet ons teenoor hulle reageer.

### ***Ander gedeeltes wat gelees kan word:***

Johannes 4: 5–15, Amos 5: 12–13, 24

Webtuistes wat besoek kan word:

<http://www.oikoumene.org/en/activities/ewn-home> ;

[www.wateraid.org/uk](http://www.wateraid.org/uk) ;

[www.arocha.org](http://www.arocha.org)

